HOËRSKOOL PORTERVILLE

Posbus 22
6810

Tel: (022) 931 2174
Faks: (022) 931 3321
e-pos: admin@porterhs.co.za

Gestig 1870

14 Junie 2019

Kwartaalbrief 2/2019

Geagte Ouers

1. DANKIE

Dankie aan baie van u wat op so 'n onbaatsugtige wyse by die skool betrokke is. U hulp word raakgesien en opreg waardeer.

Baie dankie ook vir skenkings aan die skool gemaak gedurende die kwartaal.

Graag bedank ons ook weer die volgende konvenors vir hul dienste:

Hoofkonvenor: **Wilna Liebenberg** en haar span:

Anél Behm	**Janet Visser**	**Luzelle Steenkamp**	**Caroline Kordom**
Carmen Sofat	**Izette Afrika**	**Geraldine Kirsten**	**Leonie Bailey**
Lariska Verster	**Anchen Albertyn**	**Sanet Kleynhans**	**Salome Jordaan**
Marita Swarts	**Trudy Jafta**	**Jeannie Venter**	

2. SKOOLTYE VIR DIE DERDE KWARTAAL

Skool heropen	:	**Dinsdag, 9 Julie 2018 om 07:30**
Graad 1	:	**07:30 - 13:15**
Graad 2 - 12	:	**07:30 - 14:00**

LET WEL: DIE SKOOL BEGIN MET MAANDAG SE ROOSTER as gevolg van saal.

3. RAPPORTE

Gr. 1 – 12 se rapporte is vandag uitgedeel. Ons vestig u aandag daarop dat alle Gr. 1 – 12 ouers hulle kinders se rapporte moet onderteken en op Dinsdag, 9 Julie 2019, na die skool moet terugstuur.

4. PERSONEEL

Die volgende personeel is aangestel by die Landbou afdeling:

Mnr Evert Kleynhaus (Plaasvoorman), mnr Calvin Robertson (Plaaswerker) en mnr Jan Sofat (Plaaswerker)

5. OUERAAND

Hierdie aand sal gebruik word vir afsprake wat deur die skool met spesifieke ouers gereël word. Indien u kind genooi word, sal u 'n skrywe ten opsigte van die oueraand in u kind se rapport vind. Voltooi asseblief die afskeurstrokie en besorg dit by u kind se register opvoeder teen Woensdag, 10 Julie. Indien u van u kant af 'n afspraak wil maak, kan u dit enige ander tyd gedurende die kwartaal doen, maar nie op die spesifieke aand nie. Die oueraand sal plaasvind op Dinsdag, 16 Julie 2019.

6. SKOOLKLERE

Ter wille van die nuwe leerders en ouers gee ons weer die **wintersdrag:**

Skooldrag vir dogters

WINTERKWARTALE
Voorgeskrewe somerskoolrok **ÓF** Donkerblou langbroek, langmou wit hemp en skooldas Lang swart kouse Voorgeskrewe kleurbaadjie Donkerblou trui met skoolkleure (*Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie*) Swart skoolskoene met veters of bandjie oor die voet Donkerblou moulose oortrektrui (opsioneel) & Gr. 12 Maroen oortrektrui Donkerblou serp (opsioneel)

GRAAD 2 - 7:
Mag gedurende winterkwartale 'n skoolsweetpak saam met 'n wit hemp, das en skoolskoene dra. 'n Donkerblou windjakker (windbreaker) kan op koue dae gedra word. Die sweetpak en windjakker moet toegerits wees.

Skooldrag vir seuns:

WINTERKWARTALE
Grys langbroek Wit skoolhemp Voorgeskrewe skooldas Voorgeskrewe skoolbaadjie Donkerblou trui met skoolkleure (Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie) Swart skoolskoene met veters Donkerblou moulose oortrektrui (opsioneel) & Gr. 12 Maroen oortrektrui Donkerblou serp (opsioneel)

GRAAD 2 - 7:
Mag gedurende winterkwartale 'n skoolsweetpak saam met 'n wit hemp, das en skoolskoene dra. 'n Donkerblou windjakker (windbreaker) kan op koue dae gedra word. Die sweetpak en windjakker moet toegerits wees.

GRONDSLAGFASE
Die volgende drag word in 2019 infaseer; vanaf 2021 is dit verpligtend.

Skooldrag vir Dogters:

WINTERKWARTALE
Gholfhempie, navy skort (romp/ broekie, wit sokkies en wit tekkies. Navy skoolsweetpak en/of navy warm windjakker (windbreaker) en trui.